Pioniers van erfenisbewaring

Nándor Sarkady en dr Annie Antonites

Die argiewe van 'n broer en suster wat besondere rolle in kulturele erfenisbewaring vervul het, is nou onder één dak by die Erfenisstigting se kantore in Pretoria.

Gedurende die tweede helfte van 2017 het die NHKA se Kerkargief na die terrein van die Erfenissentrum verhuis, waar die Hervormde Kerk 'n deel van die gebou huur. Dit is geleë teen die noordelike hang waar die Voortrekkermonument staan.

Die Erfenisstigting se argief en biblioteek is in dieselfde gebou gevestig. Vanselfsprekend soek vakkundiges dadelik raakpunte vir navorsingsprojekte. Sommer vinnig het dit aan die lig gekom dat twee privaatversamelings wat verskillend ontstaan het maar besondere ooreenkomste toon, nou na jare onder één dak bewaar word. Dit gaan oor die argiewe van 'n broer en suster wat albei besondere rolle vervul het in kulturele erfenisbewaring.

Willem Henry Jacobus Punt en sy versameling

Willem HJ Punt (1900-1981) was die seun van Hollandse ouers wat hulle in 1893 in die destydse ZAR gevestig het en gewerk het in diens van die invloedryke Nederlands-Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij (NZASM). Gebore op Elandsfontein (Germiston), was sy lewe onteenseglik verweef met allerlei uitdagings wat die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) teweeggebring het. Vanaf skooldae word hy deur Pretoria gestempel, 'n liefde wat lewenslank blyk in sy onvermoeide ywer om veral die stad se kwynende argitektoniese erfenis te probeer red. Een van sy grootste suksesse was die stryd teen die amptenary vir die bewaring van die sogenaamde wesfasade op Kerkplein.

Hy was onderwyser en later skoolhoof in Pretoria. Maar hy sal veel eerder onthou word vir al sy baanbrekerswerk op die gebied van bewusmaking en opvoeding vir bewaring van ons stoflike erfenis in byna al sy vorms. Hy was ook oortuig dat kultuurbewaringsliggame tot stand moes kom om terreine en geboue te help bewaar.

Hy was in 1948 die oprigter van Genootskap Oud-Pretoria en word genoem as grondlegger van die opelugmuseumgedagte in 1953. In 1959 word hy oprigter van die bekende argitektuurwaghond Stigting Simon van der Stel. Suksesse van die liggaam was landwyd merkbaar. In die noorde staan die restourasie van Fort Merensky, die sendingstasie Botshabelo en die aankoop en restourasie van pres Kruger se plaas Boekenhoutfontein veral uit. Hy was deurentyd geïnspireer deur die visie op monumente, insig en deeglikheid van projekte in die stamland, Nederland. Dit word sigbaar as hy deur middel van Stigting Jan van Riebeeck die geboortehuis van die volksplanter in die skilderagtige Culemborg laat restoureer.

Sy belangstelling in die trekroetes van sekere Voortrekkers lei in 1953 tot 'n proefskrif, *Louis Trichardt se Laaste Skof*. Dit is juis met die kruisbestuiwing rondom die Voortrekkers dat die pad vanself kruis met die pioniersontwikkeling van die Hervormde Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR). Dit bring dus vanself twee argivale navorsingsvelde bymekaar.

Die neerslag van die Punt-argief (ongeveer 5 strekkende meter en ten volle geïnventariseer) bestaan veral uit korrespondensie, verslae, kaarte, planne en foto's van die vele ekspedisies en deeglike navorsingsaantekeninge van Punt oor dekades heen

op al die terreine waar hy gewerk het. Waardevolle dokumentasie vir iemand wat navorsing doen oor bewaring, bewaringsliggame en die pionierswerk wat hy gebaan het vir die filosofie van erfenisbewaring in Suid-Afrikaanse konteks.

Punt was goed bevriend met dr Herman Rex, 'n vorige argivaris van die Hervormde Kerk tot met sy dood in dieselfde jaar as Punt. Die vriendskap met Rex was so heg dat Rex as draer optree tydens die begrafnis. Rex was self betrokke in die onderwys en bewaringsprojekte in Pretoria en Rustenburg. Dit verklaar die byna logiese keuse van Punt om sy argief so in bewaring te gee. (Die aanwinsbeleid van die Kerkargief is nou weens omstandighede veel strenger as in 1980.)

Dr Punt was tydens sy lewe alom gerespekteer en is op verskeie maniere vereer, onder meer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die tydskrif *Pretoriana* (nr 84, Julie 1983) het 'n hele uitgawe aan hom gewy, en daaruit is ruim van die inligting vir hierdie artikel gebruikgemaak. Net noord van Unisa in Muckleneuk, Pretoria, is 'n straat na dr Willem Punt vernoem.

Ek (Nándor) was self bevoorreg om in die laat 1990's vir 'n tyd saam met sy seun, mnr Willem Punt, te kon dien in die bestuur van Stigting Simon van der Stel, wat die groot bewaringsgoed van sy pa vir dekades voortgesit het en aktief die Willem Punt-argief bly raadpleeg het, soos uiteenlopende navorsers nog steeds doen.

Cecile de Ridder en haar versameling

Cecile Hendrika Johanna de Ridder (1901-2002), gebore Punt, het as jong kind reeds met dans kennis gemaak. Tydens 'n paar jaar se verblyf in Nederland gedurende die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) het sy en haar jonger suster dansklasse geneem. Terug in Pretoria, het haar ma 'n dansskool begin, met De Ridder as jong instruktrise. Later jare het sy dansklasse aan jong kinders gebied en die lesse so ontwerp om selfvertroue en goeie menseverhoudinge deur dans te kweek.

In 1941 woon sy 'n weeklange volkspelekursus in Heidelberg by en word so meegevoer dat sy daar besluit om haar hele lewe aan die voortbou van dié volkserfenis toe te wy. Deur haar sterk ondernemingsgees word byna vergete Afrikaanse volksliedjies en pieniekspeletjies nagevors en deur oorlewering weer opgeteken. De Ridder het nou saam met ander belangstellendes in volksmusiek

en -tradisies gewerk om die regte danspassies, musiekbegeleiding en eenvormige kleredrag te bepaal, wat dan in haar publikasie *Nuwe Spele en Ons eie Volkspele* neergelê is. Laasgenoemde word steeds as die standaardhandleiding vir die Afrikaanse volkspele beskou.

De Ridder sal veral onthou word vir die choreografie van die massa volkspelevertonings en tablo's by die inwyding van die Voortrekkermonument (1949), die Jakaranda-feeste (1940's en 1950's), die Van Riebeeck-fees (1952) en die Pretoria-eeufees (1955).

Haar bydrae tot die volkspelebeweging asook die bevordering en bewaring van Afrikaner-volksdanse en -sang is ook vereer in 'n spesiale uitgawe van *Pretoriana* (nr 103, Julie 1993).

Dokumentasie en foto's van De Ridder se familielewe en van haar dae as Suid-Afrika se volkspelevorstin is deur haar biograaf, mnr Richard Searle, in die vroeë 2000's aan die Erfenisstigting se argief geskenk. Die versameling bevat waardevolle inligting oor Cecile de Ridder se bydrae tot die volkspelebeweging in Suid-Afrika. Dit is juis ook die inligting oor haar kinderjare en die Punt-familie, wat ontbreek in haar broer se versameling, wat verdere navorsing oor dr Punt sal verryk.

Die Louis Tregardt-gedenktuin

Die Punt-argief skakel verder goed met die Erfenisstigting deur hul betrokkenheid by die bestuur van die Louis Tregardt-gedenktuin in Maputo. Punt se doktorale navorsing het gelei tot die ontdekking van die grafte van Louis Tregardt, sy vrou en 18 medetrekkers, en hy het hom jare lank beywer om 'n monument ter nagedagtenis aan dié Voortrekkers te laat oprig. In 1952 word die Genootskap Louis Tregardt onder sy leiding gestig om fondse vir die aankoop van die terrein en die bou van 'n gedenktuin in te samel. Verskeie kultuur- en ander instansies het die projek ondersteun, en die gedenktuin is uiteindelik op 12 Oktober 1968 deur minister Jan de Klerk geopen. Die gedenktuin bestaan uit verskeie elemente en is deur Johan de Ridder – die seun van Cecile de Ridder – ontwerp.

Die Erfenisstigting het in 2009 die bestuur van Genootskap Louis Tregardt oorgeneem, wat die verantwoordelikheid vir die bewaring van die Gedenktuin insluit. Die Punt-argief bevat waardevolle inligtingstukke oor die Genootskap en die Gedenktuin en bied 'n uitstekende geleentheid vir die Erfenisstigting om die historiese konteks van die terrein, en die man wat daarvoor verantwoordelik was, te bestudeer.